

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Lees: Jesaja 52:13-53:12

Teks: Jesaja 53:6,7,10

H.K.: Sondag 15

Datum: 22 Januarie 2012

Ps's: 100:1 tot 4; 9:7; 22:1,2,7; 22:11,12; 23:1,2

1. Inleiding.

Die evangelie is 'n **krag van God**. So beskryf Paulus die evangelie in Romeine 1 vers 16. Dit beteken: In die evangelie van die lyding en sterwe van ons Here word die krag van God tot ons verlossing geopenbaar.

Dit is ook die betekenis van die uitdrukking **die arm van die HERE** in Jesaja 53 vers 1: **En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar?** Die arm van die HERE wys op sy krag. In Jesaja 53 word die krag van die HERE aan ons geopenbaar: In die lyding van die Knecht van die HERE, in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus sien ons die krag van God tot ons redding. Christus in sy lyding - Hy is die arm van die HERE.

By hierdie kragopenbaring van God in die lyding van Christus mag ons vandag stilstaan aan die hand van Sondag 15. In verband met die lyding van ons Here Jesus Christus en aan die hand van ons teksverse vestig ek u aandag op drie punte:

1. die dwalende skape;
2. die gehoorsame Lam; en
3. die doel van sy lyding.

Eerstens dan:

2.1. Die dwalende skape

In die evangelie word die krag van God tot ons redding geopenbaar. Maar ... in die heel eerste vers kla Jesaja – hy wie se naam beteken die HERE is redding -, in die eerste vers kla hy dit uit: Wie het geglo wat aan ons verkondig is? Ag, daar was so min onder die volk van God – ja, in die kerk – wat geglo het in die lyding van Christus om ons ontwil.

Want onder andere in Johannes 12 vers 38 word hierdie woord toegepas op die Joodse volk. En ook vandag is dit die geval: Ook vandag is daar so weinig in die kerk wat glo, wat leef uit hierdie kragopenbaring van God.

Waarom is ons Here Jesus Christus, wat gekruisig is, so onbekend en onbemind juis dáár, dáár in die kerk, waar Hy Homself bekendmaak? Waarom is die lydende Knecht so 'n **verborge God**, juis daar waar Hy Homself bekendmaak, waar Hy sy arm, sy krag so heerlik openbaar?

Waarom is Hy so 'n **verborge God**? Omdat, omdat **ons sondes so verborge** is vir ons! Die kennis van ons sonde en ellende ontbreek by so baie. Maar juis daarom, juis omdat ons ons ongeregthede nie ken en die erns van ons sonde nie verstaan nie, ontbreek die verlanse na Christus en sy verlossingswerk. Juis daarom is daar so weinig verlanse na sy bevrydende en verlossende evangelie wat elke Sondag verkondig word.

Selfkennis en verlossingskennis het alles met mekaar te make. Waar die mens homself leer ken, homself leer ken as sondaar, homself leer ken as die oordeel van God waardig, daar word die kennis van Christus vir ons ontsluit. Dan leer ons die kruis ken en verstaan en waardeer.

En dít doen die HERE in die 6^{de} vers van Jesaja 53. Hy laat ons sien hoe arm en ellendig ons is: **Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtheid van ons almal op Hom laat neerkom**.

Die vers begin in die Hebreeus met die woorde **ons almal** en dit eindig met **ons almal**. Daarmee wil Jesaja dit baie sterk benadruk: "Ons almal" (sonder uitsondering) - "ons almal (ook ons wat aan die kerk behoort) het gedwaal soos skape". "Ons het elkeen", elkeen van ons, "ons eie pad geloop".

En as ons dink dat dit net die Ou Testament is wat so skerp oor die kerk oordeel, moet ons luister wat Paulus oor alle mense, insluitend die gelowiges, sê. Want in Romeine 3:12 en verklaar die apostel: "Daar is **niemand** wat goed doen nie, daar is **selfs nie een** nie... **almal** het gesondig...".

Uit die verband van Jesaja 53 is dit ook so duidelik waarin ons dwaling bestaan en wat die profeet daarmee bedoel wanneer hy sê dat ons elkeen ons eie pad geloop het: woorde soos ongeregthede en oortredinge maak dit duidelik dat dit gaan oor die wil van God soos dit ook tot uitdrukking kom in die wet. Die wet is die pad van God, maar daardie pad het ons nie geloop nie. Ons het ons eie pad gevolg: die pad van wetsverbreking, die weg van die sonde.

DUS: Ons is almal sondaars; ons het almal die oordeel van God verdien.

En ... (laat dit goed tot ons deurdring) ... ons kom nie self tot hierdie ontdekking nie. GOD moet dit aan ons openbaar. Dit is deel van die kragopenbaring van God deur die evangelie, dit is deur die arm van die HERE, dit is deur Christus dat ons oë daarvoor oopgaan. Immers, Christus kom na ons toe met die spieël van die Wet. Die Wet is die spieël in sy hand. Deur die krag van die kruis laat Hy ons sien – dan sien ons onself soos wat ons is.

Dit is 'n **wonder** van God as 'n mens dit leer insien dat jy van nature 'n dwalende skaap is. Dit is 'n ewe groot **wonder** as God dwalende skape se oë open vir die ander skaap, vir:

2.2. die gehoorsame Lam van God

Dit is ons tweede punt.

As daar woorde is wat in ons teksgedeelte in **SWART** geskryf moet word, is dit sekerlik die woord **ONS**, *ons almal*: Ons het almal gedwaal soos skape. Ons lewe is 'n lewe donker, swart van die sonde.

Maar, sê Martin Luther in 'n bietjie ander bewoording, as daar woorde is wat in **GOUE LETTERS** geskryf moet word, dan is dit die woorde **TER WILLE VAN ONS** en **OP HOM**: "Maar Hy (die Lam van God, die gehoorsame Skaap, Hy) is *ter wille van ons* oortredinge deurboor, *ter wille van ons* ongeregthede is Hy verbrysel". En: "die straf wat vir ons die vrede aanbring, was *op Hom*". En in vers 6: "maar die HERE het die ongeregthede van ons almal *op Hom* laat neerkom".

In hierdie paar woordjies **TERWILLE VAN ONS** en **OP HOM** word die hele evangelie in 'n neutedop saamgevat.

Woorde in swart, dit is ons sondegeskiedenis; woorde in goud, dit is die geskiedenis van God se verlossingskrag in Christus. Die woorde in swart vertel wat ONS gedoen het: ONS het almal gedwaal soos skape. Die woorde in goud vertel wat GOD gedoen het: ONS het alles bederf, **MAAR GOD!** "Maar God het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom". Dit is die MAAR van God se reddende genade, sy arm in aksie.

En waar die lewe van die ander skape gekenmerk word deur pure ongehoorsaamheid, daar was Jesus se lewe een van absolute gehoorsaamheid. Dit is 'n kenmerk van 'n skaap dat hy hom, sonder om te blêr, na die die skeer- of slagplek laat lei. Met hierdie beeld wil die profeet die volkome gehoorsaamheid van Jesus, die Lam van God, by ons tuisbring.

Agter sy lyding het Jesus sy Vader sien staan: Maar God – dit is God die Vader -, die Vader het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom. Dit was die wil van sy Vader. Vers 10 begin daarmee en eindig daarmee: met die wil van God, met sy behae/welbehae: ***Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees.***

Waarom het Jesus voor Pilatus en Herodes geswyg? Hier in Jesaja 53 het u die antwoord. Sy stilswye voor die Romeinse regbank was sy antwoord aan sy Vader: "Kyk, Ek kom om u wil te doen...". Heeltemal gewillig het Hy gedoen wat sy Vader van Hom verlang en sonder om teë te stribbel, het Hy Hom laat lei na die slagbank van Golgota. Hy was gehoorsaam tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

Jesus het geweet: Pilatus, die owerheid, is 'n dienaar van God. Jesus het dit ook vir Pilatus gesê: U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. (Joh 19:11). Agter Pilatus het Hy sy Vader sien staan.

In vers 10 word die lyding van die Kneg beskryf as 'n *skuldoffer*. 'n Offer ter betaling van ons skuld, tot versoening van ons sondes. Dit is die betekenis van die kruis: Dit is die oordeel van God, die vloek van God, oor ons sondes.

Maar ons kyk laastens na:

2.3. die vrug van sy lyding.

In Jesaja 53 vers 10 staan daar: As sy siel 'n *skuldoffer* aanbied, sal Hy 'n *nakroos* sien. Dit is die resultaat van die lyding van Christus: Daardeur kom daar nakroos, 'n volk van God tot stand, 'n skare van verlostes. Die offer van die kruis is die basis, is die oorsprong van die volk van verlostes.

Die straf wat die Knecht van die HERE moes dra, bring vir ons VREDE sê Jesaja 53:5. Vrede met God - dit is die vrug van sy lyding.

En nou moet by die woord "vrede" nie net dink: God is nie meer kwaad vir my, nie. O, dit lê ook daarin opgesluit, maar hierdie woord is nog veel ryker. Dit verkondig ook positief: Alles tussen ons en God is nou weer reg; Hy is weer lief vir ons; en ons mag weet dat sy liefde elke dag in daad van liefde na ons toe uitgaan.

As u werklik wil weet wat met vrede bedoel word, moet u terug na Genesis 1 en 2, terug na Eden voor die sondeval. Want die paradys was een groot vredeslied. Alles daar het gesprek van God se liefde, guns en gemeenskap. Alles het gesing van God se Vaderlike sorg, van lewe uit sy milde Vaderhande. Die paradys was een enorme jubeltoon van vrede: vrede met God.

Vrede – dit is dieselfde as die **ewige lewe**, waarvan die Kategismus hier praat. Ewige lewe – dit beteken nie maar net om vir altyd te lewe nie. Ewige lewe in die Bybel hou in: om vir altyd by God te mag wees, om vir ewig te mag lewe in die lig van sy vriendelike aangesig. Ewige lewe is die teenoorgestelde van God se toorn, van sy oordeel, van die verdoemenis.

In en deur Christus ontvang ons die **geregtigheid** wat God van ons eis. Deur Hom word ons weer in **genade** aangeneem.

Die Kategismus stel dit eers negatief en dan positief.

1. **Eerstens negatief.** In die ou vertaling van die Kategismus staan nog die woordjie **sodat**. Dit gee die doel aan, die bedoeling. Jesus moes so bitterlik gely het "**sodat** Hy...ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis kon verlos...(V/A 37)".

In V/A 38 word bely dat Jesus onskuldig veroordeel moes word deur Pilatus " **sodat** Hy...ons daardeur sou bevry **van die streng oordeel van God, wat oor ons moes kom**". **Die streng oordeel van God** voer ons gedagtes na die eindoordeel. Daar kom 'n dag dat ons voor die regterstoel van God sal moet verskyn. En eintlik is daar maar een vonnis wat ons verdien: Ons is die ewige dood skuldig. Maar juis daarom, met hierdie doel voor oë, het Jesus in ons plek in die beskuldigdebank gaan staan en die doemvonnis ontvang: **sodat** ons daardeur bevry sou word van daardie streng oordeel van God.

Ek wil u aandag weereens daarop vestig dat daar nie net staan siel nie, maar ook liggaam. Jesus moes so bitterlik gely het "**sodat** Hy...ons **liggaam en siel** van die ewige verdoemenis kon verlos ..." Christus se lyding na liggaam en siel was nie alleen gemik op die verlossing van ons siel nie, maar ook ons liggaam. Die mens is immers nie net siel nie, maar siel én liggaam. En nie alleen ons siel lê onder die oordeel van God nie, maar ook ons liggaam. In Antwoord 11 bely ons immers ook: God se geregtigheid eis dat ons sonde met die swaarste straf gestraf moet word: die ewige straf nie alleen aan ons siel nie, maar **die ewige straf aan liggaam en siel**.

2. Maar die Kategismus sê nie net negatief wat ons nie ontvang nie. Dit sê ook ***tweedens positief*** wat ons wel verkry danksy Christus. Ons ontvang nie die ewige dood nie, maar die ewige lewe, - nie die hel nie, maar die hemel. Jesus moes so swaar gely het "**sodat** Hy vir ons **die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe** kon verwerf".

3. Slot.

Die evangelie is 'n krag van God tot redding ... tot redding van elkeen wat glo:

- elkeen wat glo dat hy diep in skuld is by God en die toorn van God verdien het.

Die evangelie is 'n krag van God tot redding ... tot redding van elkeen wat glo:

- elkeen wat glo dat net die arm van die Here kan red.

AMEN.